# *Obiit:* Professor Willem Sterrenberg Prinsloo - 5 Oktober 1997

P B van der Watt
(UP)

**ABSTRACT**

***Obiit*: Professor Willem Sterrenberg Prinsloo - 5 October 1997**

*The death of Professor W S Prinsloo on the 5th of October 1997 had immense consequences. This defecit was an incountable loss for the Old Testament scholarship and science in South Africa. Prinsloo was a competent scholar who had a wide range of international scholarly contacts. He served the Old Testament study with research, lectures and writing. His contribution to the Faculty of Theology at the University of Pretoria cannot be over estimated. In addition to his lecturing responsibilities, his service as dean can be described as monumentous. The Faculty of Theology in particular and the University of Pretoria in general could be grateful for, and proud of this great academic.*

Die tragiese omstandighede waaronder Professor Willem Prinsloo op Sondagoggend 5 Oktober 1997 oorlede is, het wyd getref. By al die onbeantwoorde vrae is daar egter die geloofswaarheid dat God se besondere genadige werking in elke gelowige nooit gekanselleer kan word deur 'n menslike daad nie - en juis daarom die vertroostende waarheid dat Willem Prinsloo sy ewige rus ingegaan het.

Vir sy dierbares was dit bykans onbeskryflike leed wat hulle moes verduur terwyl sy baie vriende en akademiese kollegas die geweldige verlies eweneens onverklaarbaar ervaar het. Dit sou ook nie anders kon wees nie, want vir sy gryse moeder, sy begripvolle eggenote en drie kinders was hy voorwaar 'n persoon wat liefdevol hul belange op die hart gedra het en in sy beroepslewe as student, predikant en dosent het hy die hoogste louere verwerf. Daarby was dit alles gevoed deur 'n persoonlike geloofsoortuiging, wat deur vrome ouers aan hul seun oorgedra is.

As 'n boorling van die skilderagtige noordoos Vrystaat, is hy op 19 Augustus 1944 gebore en het as boerseun in die distrik van Vrede groot geword. Die familienaam **Willem Sterrenberg** het baie gou plek gemaak vir die alom-gebruikte **Riempies** (soos sy oorlede vader ook bekend was) en na 'n tragiese ongeluk, waarin sy sustertjie dood is, was hy voorwaar en tereg die seun wat oom Riempies en tant Ita met hul baie liefdevolle versorging omring het. Vanweë sy vele potensialiteite het sy ouers hom

van jongsaf met trots geïdealiseer. Hierdie verwagtinge en drome sou dan ook nooit beskaam nie, want sy skoolwerk was deurgaans van hoë gehalte en die ontluikende leierseienskappe vind onder meer kulminasie in sy laaste skooljaar toe hy as hoofseun aangewys is.

Hierdie ingebore leierskwaliteit sou ook sy studentelewe kenmerk, want wanneer hy hom vanaf 1963 tot 1969 toe aan die Universiteit van Pretoria bevind om teologie te studeer, word sy innemende persoonlikheid en daadwerklike betrokkenheid by allerlei studente-bedrywighede beloon toe hy as primarius van die bekende manskoshuis Sonop verkies is en ook op die Sentrale Studenteraad dien. Voeg hierby sy groot belangstelling in sport - hyself speel onder meer koshuisrugby en is 'n lid van die Universiteit se eerste tafeltennisspan - dan was hy voorwaar iemand wat oor die wye spektrum van die lewe gepresteer het en noodwendig goed aangepas was in sy sosialiseringsaktiwiteite. Dit alles in ag genome verklaar waarom die De Vries-Van der Walt-toekenning vir prestasies op akademiese, kulturele en sportgebied aan hierdie ywerige student gemaak is. Hierdie entoesiasme vir die wyd-geskakeerde studente-bedrywighede sou hy dwarsdeur sy lewe behou en langs die rugbyvelde was hy 'n ywerige ondersteuner en welmenende kritikus van Tukkies (en natuurlik die Noord-Transvaalse Bloubulle!), terwyl die liefde vir en lojaliteit teenoor 'n besonder tradisieryke manskoshuis sou meebring dat hy baie lank op die Sonopraad sou dien - onder meer as voorsitter tot met sy afsterwe toe.

Dit was egter as akademikus dat hy reeds van jeugdige leeftyd af sy spreekwoordelike merk gemaak het. Sy studentelewe word versier met uitmuntende akademiese prestasies: hy behaal die BA-, BD- Proponents-eksamens *cum laude* en in 1971 ook met die hoogste erkenning die doktorale eksamen met Ou Testament as hoofvak. Dit was baie duidelik dat 'n universiteitsloopbaan sy voorland was en daarom sou sy predikantsjare slegs strek vanaf April 1971 tot einde 1974. Dit was in sy enigste gemeente Standerton waar hy met 'n gemaklike persoonlikheid, konsensieuse werk en voorbeeldige Christenskap die harte van sy gemeentelede verower het en hulle gebou het in die geloofslewe. Sy kanselwerk het gestaan in die teken van deeglike eksegese en die aktualiteit van sy boodskappe het mense in hul eksistensiële situasie aangespreek. Merkwaardig was sy vermoë om elke preek bykans sonder manuskrip te lewer - onteenseglik 'n bewys van sy besondere verstandelike kwaliteite en die baie moeite wat met preek-voorbereiding gedoen is.

'n Belangrike en besonder heuglike gebeurtenis in sy studentelewe was toe hy einde 1970 in die huwelik bevestig is met me Avrille de Klerk - eweneens 'n student aan die Universiteit van Pretoria. Dit was sy wat hom

getrou in sy bedrywige lewe sou bystaan en met haar sagte en innemende geaardheid beslag aan die huislike atmosfeer sou gee waarbinne hy kon leef en werk. Dit was ook hier waar hulle twee dogters en seun die liefde en vreugde ervaar het van ouers wat veel omgegee het vir die noodsaaklike en gesonde opvoeding.

Sy *alma mater* en die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hierdie talentvolle jongman steeds in gedagte gehad toe hy reeds in 1975 aangestel is as lektor in die Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie. Sy bevordering was snel en in 1977 word hy mede-professor, terwyl hy 1986 tot volle professor benoem is. Intussen promoveer hy ook met 'n proefskrif, getiteld "Jahwe die Vrymagtige in die Ou Testament" onder die bekende hoogleraar A H van Zyl. Dit was dan ook byna vanselfsprekend dat hy professor Van Zyl in 1987 sou opvolg as hoof van die betrokke departement.

Sy daadwerklike belangstelling in en bydrae tot die administratiewe verpligtinge wat enige fakulteit meebring, is deur kollegas raakgesien en waardeer en nadat hy aanvanklik as waarnemende dekaan optree, is hy in hierdie voltydse akademiese amp voltyds besig vanaf Julie 1989 tot Desember 1996.

As hoogleraar in die teologie het hy hoë eise aan sy studente gestel en was byna onverbiddelik in sy afkeur oor enige ongedissiplineerdheid vir so ver dit sy vakgebied aanbetref. Hy was 'n goeie dosent wat inderdaad daarin geslaag het om liefde vir die Ou Testament by sy studente aan te wakker soos onder meer blyk uit die feit dat bykans 50 studente M-verhandelinge en BD-skripsies by hom voltooi het. Sy entoesiasme en motivering het meegebring dat nie minder nie as 17 studente onder sy bekwame leiding gepromoveer het! Dit is heel waarskynlik die meeste kandidate wat nog ooit in Suid-Afrika oor die Ou Testament by een enkele promotor hul doktorsgraad verower het. Heel interessant: ses van hierdie studente is reeds hoogleraars in die Ou Testament of verwante vakgebiede. In die meeste gevalle het eksaminatore van ander universiteite - plaaslik en oorsee - geoordeel dat die promivenda werk van hoë gehalte in die dissertasies handhaaf en op sigself is dit 'n pluimpie vir die promotor.

Natuurlik het hierdie kundige hoogleraar op sy beurt by geleenthede as eksterne eksaminator opgetree van verskeie studente van ander inrigtings. Sy akademiese betrokkenheid op hierdie wyse is ook vergroot deur sy gewaardeerde bydrae as eksterne evalueerder by die relevante departemente van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van die Vrystaat. Hierdie verkeer met ander tersiêre inrigtings is verder uitgebou toe hy ook meegewerk het aan 'n inter-

universitêre handboekreeks op die Ou Testament ("Die Literatuur van die Ou Testament"/"The Literature of the Old Testament") wat voorgeskryf word aan feitlik alle Suid-Afrikaanse universiteite.

Professor Prinsloo het inderdaad 'n hoë premie gestel op die akademiese kontak met ander geleerdes en natuurlik veral sy vakgenote. In Suid-Afrika was hy aktief betrokke by die Ou-Testamentiese Werksgemeenskap en het hy in dié hoedanigheid as voorsitter gedien tot sy dood toe. Naas lidmaatskap van die S A Akademie vir Wetenskap en Kuns, was hy ook lid van die Society of Biblical Literature. Hyself het veel gedoen om deur middel van geldelike toeseggings verskeie internasionale navorsingsgenote na die Universiteit van Pretoria te nooi - daar was onder meer professore R Rendtorff (Heidelberg), W A M Beuken (Leuven), J Jeremias (München) en H Irsigler (Bamberg).

Natuurlik het sy akademiese prestasies daartoe meegewerk dat hyself ook by verskeie geleenthede met soortgelyke toekennings (veral afkomstig van die RGN/SWO) oorsese vakkongresse bygewoon het om referate te lewer. Wat dit betref, was hierdie hoogleraar wyd-berese en sy kontakte inderdaad indrukwekkend. Sy besoeke aan en optredes by verskeie sentra van geleerdheid onderstreep sy akademiese bedrywigheid vir so ver dit sy vakgebied aanbetref: in Europa, Engeland en Israel - onder meer Cambridge, Jerusalem, Rome, Parys, Wenen, Leuven en Kopenhagen - terwyl hy in 1995 die eerste kongres tussen Afrikaanssprekende en Nederlandsprekende Ou Testamentici te Leiden help organiseer het.

Sy studie-ywer en gefundeerde navorsing het gelei tot etlike oorsese navorsingsgeleenthede. 'n Besondere eer wat hom te beurt geval het, was die Alexander von Humboldt-toekenning in 1982 wat hom in staat gestel het om in Duitsland te gaan studeer. In hierdie tyd het hy ook etlike maande in Israel en by ander Europese universiteite deurgebring. 'n Besondere vrugbare gevolg van al hierdie waardevolle kontakte met internasionale geleerdes was professor Prinsloo se aktiewe deelname aan die publikasie van Bybelkommentare. Hyself dien op die redaksie van 'n buitelandse uitgawe, te wete "Historical Commentary on the Old Testament" en is self verantwoordelik vir die kommentaar op Psalms 73-150. Hy was ook medewerker van 'n nuwe internasionale kommentaarreeks "Commentary 2000" wat by Eerdmans in Grand Rapids sy oorsprong het. Professor Prinsloo was in hierdie geval vir die hele Psalmboek verantwoordelik. Hy was verder redaksielid en medewerker van die internasionale Ou Testament kommentaarreeks "Historical Commentary on the Old Testa-ment" (Kampen, Nederland) en die internasionale Nederlandse Ou-Testamentiese monografiereekse "Oud Testamentische Studien" (Leiden) en "Studia Semetica Neerlandica" (Assen).

Hierdie hoogleraar se doseerwerk en navorsing het ook neerslag gevind in talle bydraes wat hy gelewer het vir vaktydskrifte en 'n aantal kommentaarreekse. As eerste redakteur van "Skrif en Kerk" het hy entoesiasties meegewerk om dit uit te bou totdat dit op die lys van gesubsidieerde vaktydskrifte van die destydse Departement Nasionale Opvoeding verskyn het. Hy was ook mede-redakteur van "Universiteit van Pretoria Teologiese Studies". En as *Mitarbeiter* van die internasionale Duitse Ou-Testamentiese vaktydskrif *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*.

By al hierdie pennevrug het professor Prinsloo self onder eie-naam 'n baie impossante publikasie-lys nagelaat. Naas sy BD- en Proponentsverhandeling en sy reeds genoemde dissertasie, is hy die outeur en mede-outeur van 16 boeke, terwyl bykans 80 artikels in tydskrifte en geleentheidsbundels onder sy pen verskyn het. Voeg hierby die 13 resensies wat hy gelewer het oor vakpublikasies dan is dit duidelik dat hier 'n geleerde was wat wyd gewerk en erkenning ontvang het.

Hierdie erkenning was in die vorm van verskeie toekennings. Daar is reeds verwys na die gesogte Alexander von Humboldt-beurs en die resultaat was 'n monografie in die internasionale Ou-Testamentiese reeks (**The Theology of the Book of Joel**, BZAW 163, Berlyn: De Gruyter, 1985). Hierdie werk oor Joël word as 'n standaardwerk bestempel. Drie resente proefskrifte wat in Europa verskyn het, het veelvuldig daarvan gebruik gemaak en verskeie resensies van hierdie werk het die positiewe oordeel oor die wetenskaplike inset en bydrae bevestig. (Sy dood het verhinder dat hy met 'n *Wiederaufnahme* van die Von Humboldt-beurs vir 'n tweede keer in Bamberg, Duitsland gedurende 1998 navorsing kon gaan doen). Sy wetenskaplike prestasies is in die akademiese wêreld raakgesien en so het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1994 die Totiusprys vir Teologie en die grondtale van die Bybel aan professor Prinsloo toegeken, terwyl sy eie fakulteit hom in dieselfde jaar vereer het met die Deo Gloria-erepenning vir uitsonderlike diens aan die fakulteit gelewer.

Willem Prinsloo was nie maar net 'n studeerkamer geleerde nie. Inteendeel, in oorvloedige mate sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk baat by hierdie Ou Testamentikus se kennis en diens op verskeie kommissies. Daar is die belangrike Tussen-Kerklike Kommissie wat meermale diverse aktuele temas - soos byvoorbeeld die Skrifbeskouing en die siening oor die Kerk - tussen die drie tradisionele Afrikaanse Kerke onder die loep geneem het; verder het sy deeglike kennis van die Bybelse grondtale hom 'n waardevolle medewerker gemaak aan die belangrike taak van die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling; addisioneel kon sy teologiese diepgang ook

benut word deur die kommissie-werksaamhede rondom die Bybelverklaring; en natuurlik het die bedrywighede rondom die Psalmberyming wel deeglik hierdie kenner van hierdie besondere Bybelboek se wetenskaplike kennis en insig tot beskikking gehad. In sy eie gemeente was hy 'n aktiewe lidmaat en sy diens op die kerkraad sowel as afgevaardigde na meerdere Kerkvergaderinge het sy opregte meelewing en waardering vir die kerklike sake op daardie vlakke beklemtoon. Sy optrede voor talle predikantekonferensies en by voortgesette teologiese opleiding het baie duidelik sy simpatieke begrip vertoon vir die predikant in die praktiese gemeentesituasie met sy moderne uitdagings.

Dit was hierdie besondere knap teoloog met 'n winkende groot-blink toekoms voor hom, wie se lewe kortgeknip is op 'n onbegryplike wyse, maar tog daarmee verseker het dat sy lewe en werk onuitwisbaar vir naasbestaandes en ander 'n kosbare kleinood sal bly.